



Kleinhandels- en Besigheidsbankdienste Privaatheidskennisgewing

Onbeperk

1 Inleiding

- 1.1 Ons wil hê jy moet verstaan hoe ons jou inligting insamel, gebruik en deel.
- 1.2 Die Wet op Verbruikersbeskerming 68 van 2008 ("CPA") en die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting 4 van 2013 ("POPIA"), reguleer die verwerking van jou persoonlike inligting.
- 1.3 Hierdie Privaatheidskennisgewing geld vir Absa Kleinhandels- en Besigheidsbankdienste-klënte. Jy kan Absa se Privaatheidsverklaring op die Absa-webwerf kry.
- 1.4 Hierdie Privaatheidskennisgewing geld wanneer jy 'n nuwe produk of diens by Absa Kleinhandels- en Besigheidsbankdienste opneem en wanneer jy ons webwerf, bankdienste-app of ander digitale diensplatforms gebruik.
- 1.5 Deur hierdie produkte en dienste te gebruik of deur persoonlike inligting aan ons te verskaf, aanvaar jy die bepalings wat in hierdie Privaatheidskennisgewing uiteengesit is.

2 Wat is persoonlike inligting?

- 2.1 Persoonlike inligting beteken inligting in verband met 'n identifiseerbare, lewende, natuurlike persoon en (waar van toepassing) 'n identifiseerbare, bestaande regs persoon, insluitende die naam, ras, geslag, huwelikstaat, adres en identiteitsnommer van 'n persoon, simbool, e-posadres, fisiese adres, telefoonnommer, ligging, aanlynidentifikasie of ander spesifieke toewysing aan die persoon.

3 Wat is direkte bemerking?

- 3.1 Direkte bemerking, soos dit in die CPA en POPIA omskryf word, beteken om 'n persoon, óf persoonlik óf per pos of elektroniese kommunikasie, te benader om direk of indirek:
 - in die normale gang van sake enige goedere of dienste aan daardie persoon te bevorder of aanbied om dit te verskaf; of
 - die persoon te vra om enige donasie om enige rede te maak.

4 Hoe ons jou persoonlike inligting gebruik

- 4.1 Ons gebruik, stoor en samel jou persoonlike inligting in sodat ons:
 - Jou identiteit kan bevestig.
 - Jou aansoek vir 'n produk of diens kan beoordeel.
 - Ons produkte en dienste kan ontwerp, bestuur, prys en verskaf.
 - Seker kan maak dat ons besigheid aan jou behoeftes voldoen en jou pasgemaakte aanbiedings, ervaring en dienskommunikasie bied om jou te help om jou finansies te bestuur.
 - Risiko kan minimaliseer en bedrog of ander verwante bedrywighede kan identifiseer of ondersoek.
 - Jou kan kontak wanneer ons belangrike inligting met jou wil deel.
 - Jou teen enige lys van persone met politieke blootstelling of sanksies kan keur.
 - Ons diens aan jou en jou ervaring by ons kan verbeter.
 - Ons besighede kan bestuur en potensiële tendense en markte kan identifiseer om seker te maak dat jou produkte vir die toekoms voorsiening maak.

Ons het 'n regs- of regulatoriese verpligting om jou persoonlike inligting te verwerk vir sekere doeleindes met betrekking tot die diens wat jy versoek. Dit sluit in:

- Die voorkoming, opsporing, ondersoek en vervolging van misdaad in enige regsgebied (insluitende, sonder beperking, geldwassery, terrorisme, bedrog en ander finansiële misdaad).
- Identiteitsverifikasie, keuring teen regeringsanksies en omsigtigheidsondersoeke.
- Afdwing van verpligtinge, insluitend sonder beperking, die invordering van bedrae wat deur jou verskuldig is en jou verskaffing van sekuriteite vir die fasiliteite.
- Om plaaslike of buitelandse wette, regulasies, voorskrifte, vonnisse of hofbevele, regeringsanksies of embargo's, verslagdoeningsvereistes ingevolge finansiële transaksiewetgewing en eise van enige owerheid, reguleerder, tribunaal, wetstoepassingsagentskap of valuta-instansie, na te kom.

Ons kan ook jou persoonlike inligting insamel en stoor vir redes waar die wet ons toelaat of vereis om dit te doen.

- 4.2 Ons kan jou persoonlike inligting verwerk om jou persoonlike ervaring van ons digitale dienskanale te verbeter om seker te maak dat jy maklik tersaaklike bladsye en aanbiedings kan soek. Jy aanvaar dat jy, deur hierdie kanale en dienste te gebruik, ons toestemming gee om jou inligting te verwerk om jou ervaring pas te maak. Dit kan insluit die wys van belangrike inligting wat op jou persoonlike produkte van toepassing is of produkte of dienste op hierdie digitale dienskanale waarin ons dink jy dalk kan belang stel.
- 4.3 Ons kan jou persoonlike inligting gebruik om jou van produkte en dienste, waarin ons dink jy dalk kan belang stel, in te lig. Ons kan jou per SMS, e-pos, telefoon of pos kontak om dit te doen. As jy nie direkte bemerkingskommunikasie van ons wil ontvang nie, kan jy jou voorkeure op ons webwerf of bankdienste-app, of by 'n diensverteenwoordiger by enige van ons takke opdateer, teen geen koste vir jou nie.
- 4.4 Ons sal sover moontlik by jou kommunikasievoorkeure hou, maar jy aanvaar dat ons dalk vir jou belangrike inligting sal moet stuur deur 'n kanaal wat nie jou voorkeur is nie. Ons sal dit slegs doen in gevalle waar ons die inligting as belangrik en tersaaklik vir jou beskou.

5 Die behoud en skrap van persoonlike inligting

- 5.1 Persoonlike inligting wat ons vir enige doel of doeleindes verwerk, sal nie langer gehou word as wat dit vir daardie doel of doeleindes nodig is nie.

- 5.2 Ons sal jou persoonlike inligting hou vir so lank as wat dit volgens wet vereis word en wanneer ons dit volgens wet nie meer hoef te hou nie of nie 'n wettige rede het om dit te hou nie, sal ons dit vernietig, desensitiseer of anonimiseer.
- 5.3 Ondanks die ander bepalings van hierdie afdeling (5), kan ons jou persoonlike inligting hou waar sodanige behoud nodig is om aan 'n regsverpligting waaraan ons onderwerp is, te voldoen of om jou noodsaaklike belange of die noodsaaklike belange van 'n ander natuurlike persoon te beskerm.
- 5.4 Ons kan ook jou persoonlike inligting, wat ons vir die doel wat in hierdie Privaatheidskennisgewing beskryf is, ingesamel het, deïdentifiseer. Gevolglik sal hierdie Privaatheidskennisgewing en Privaatheidswette gewoonlik nie op ons gebruik van gedeïdentifiseerde inligting van toepassing wees nie. Ons sal egter steeds hierdie gedeïdentifiseerde inligting veilig hou.
- 6 Veiligheid van persoonlike inligting**
- 6.1 Die veiligheid van jou persoonlike inligting is vir ons belangrik. Ons sal toepaslike tegniese en organisatoriese voorsorgmaatreëls tref om jou persoonlike inligting veilig te hou en die verlies, misbruik, ongemagtigde toegang, openbaarmaking of wysiging van jou persoonlike inligting te voorkom.
- 6.2 Ons sal al jou persoonlike inligting op veilige bedieners, persoonlike rekenaars, mobiele toestelle en veilige handrekdhouingstelsels stoor.
- 6.3 Ons gebruik 'n verskeidenheid fisiese, elektroniese en ander sekuriteitsmaatreëls om die veiligheid, vertroulikheid en integriteit van die persoonlike inligting wat ons het, te beskerm. Byvoorbeeld:
- Toegang tot ons inligtingstelsels word deur identiteits- en toegangsbeheer bestuur.
 - Werknemers en ons kontraktiensverskaffers word deur interne inligtingsekuriteitsbeleide gebind en moet inligting veilig hou.
 - Alle werknemers moet opleiding oor privaatheids- en inligtingsekuriteit voltooi.
 - Ons monitor en hersien gereeld ons voldoening aan interne beleide en beste bedryfspraktyk.
- 6.4 Jy moet seker maak dat jou wagwoord nie maklik deur 'n persoon of 'n rekenaarprogram geraai kan word nie. Dit is jou verantwoordelikheid om die wagwoord wat jy gebruik om toegang tot ons webwerf te kry, vertroulik te hou. Ons sal jou nie vir jou wagwoord of PIN vra nie (behalwe wanneer jy op ons digitale kanale aanteken of 'n transaksie doen).
- 6.5 Ons sal nie jou persoonlike inligting aan ander maatskappye of organisasies verkoop nie.
- 7 Toegang tot jou persoonlike inligting**
- 7.1 As 'n kliënt van die bank, kan jy: a) ons vra om vir jou 'n beskrywing van jou persoonlike inligting wat ons het, te gee; en b) ons vra om jou persoonlike inligting deur ons kliëntedienskanale reg te stel of op te dateer. Ons kan, as dit regtens toegelaat word, 'n fooi hiervoor hef.
- 8 Reg om hierdie Privaatheidskennisgewing te verander**
- 8.1 Ons kan hierdie Privaatheidskennisgewing verander of opdateer. Die jongste weergawe van hierdie kennisgewing sal op ons webwerf gepubliseer word. Kyk asseblief gereeld daarna om seker te maak jy is gemaklik met die inhoud.
- 8.2 Die jongste weergawe sal alle vorige weergawes vervang, tensy anders gespesifiseer.
- 9 Klagtes of navrae**
- 9.1 Gebruik gerus die kontakskakel op ons webwerf of kontak ons inligtingsbeampte by die onderstaande besonderhede as jy enige vrae oor hierdie Privaatheidskennisgewing of 'n klagte oor die hantering van jou privaatheid het.
- 9.2 Ons sal jou versoeke vertroulik hanteer. Ons verteenwoordiger sal jou binne 'n redelike tyd na die ontvangs van jou navraag of klagte kontak om jou besorgdhede en oplossingsopsies te bespreek. Ons streef daarna om te verseker dat jou navrae en klagtes tydig opgelos word.
- 9.3 Klagte-oplossingsuite:
Telefoon: 0800 41 41 41
Ure: Weeksdag, 08:00 tot 16:30
E-posadres: actionline@absa.co.za
Webwerf: absa.co.za/send-us-your-feedback/